

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 3 September 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

Sola Scriptura

Omgee:

- Pieter de Klerk se moeder is Dinsdagmiddag oorlede. Haar begrafnis word beplan vir Woensdag 13 September. Die geleentheid by die graf is privaat, om 11:00 en die dankdiens is om 14:00 by Elm Park Village in Northcliff.
- Johanna Ruthven is Dinsdagoggend oorlede nadat sy 'n beroerte gehad het. Sy word DV Dinsdagoggend 5 September om 11:00 vanuit ons kerkgebou begrawe.
- Isébel Macleod se broer is ernstig siek met kanker.
- Ella Botha se suster is ook ernstig siek met kanker.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- Ons gaan vandag verder met 'n **40 dae reeks "Vreugdevol Vry"** wat handel oor die 5 Solas van die Reformasie. Elke week gaan ons 'n Sola hanteer in die preek,

Bybelstudie en dagstukkies vir die week. Vandag kyk ons na “**Sola Scriptura**” (**Woord alleen**). Op grond van die preek is daar dan ook verskeie kleingroep byeenkomste wat handel oor “Woord alleen”.

- **Oorwinnaars vir Finansies** word beplan vir 8-9 September. Besprekings kan by Celéste (082 372 8684) gedoen word.
- **Gemeente-toerusting** vanmiddag om 17h30 in die kerkgebou. Ons behandel week 10 (Vergifnis teenoor Bitterheid) van “Oorwinnaars Dag vir Dag”.
- Die **Hoërskool kategese** vind ook plaas om 17h30.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Dankie-sê briewe** vir tiendes wat verlede jaar (2016) gegee is, is by Elma agter in die kerk beskikbaar.
- **Databasis:** stuur jou naam en die vaardighede waarmee jy diensbaar kan wees, asook jou beroep vir die kerkkantoor: kantoor@bergbron.org.za. Indien jy nie e-pos het nie, kan jy dit per whatsapp stuur na **Fanie Olivier** by 079 710 2344
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag is dit Nagmaal, en almal is genooi vir die gemeente-ete. Volgende Sondag skink Groep 4, Martie, Welna en Michelle.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

Potjiekos- en Kuierdag, DV 14 Oktober

Hierdie jaar weet ons reeds van mooi pryse! Inskrywings kan reeds gedoen word. Kry ‘n vorm of vra vir een op e-pos by kantoor@bergbron.org.za.

Gebed

✂ ONTHOU ASB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**
Sondagoggende is daar geleentheid vir ALLE lidmate om saam te bid vir die twee eredienste asook gemeente-aktiwiteite.

Ons het die afgelope weke die 14 Notas asook Ware vreugde versus Wêreldse vreugde met julle gedeel. Die laaste deel het gegaan oor ‘n lewe onder God se leiding en die 7 stappe wat kan bydra om jou hiermee te help.

Stap 2 van die 7 stappe: Delf dieper – Gaan delf in jou binnewêreld en vind jou innerlike kompas.

Kom ons sê dit weer vir mekaar:

- Dit is die sagte fluisterstem binne jou.
- Dit is jou ingeboude gids wat jou lei. Elkeen van ons het so ‘n fluisterstem. Jy mag dit ignoreer of probeer weerstaan het deur weg te beweeg. (Wenk, jy vind dit alleen deur afsondering – stil te word.)
- Dit is ook die stem van God wat jou dring. Luister daarna!

Dalk beskryf jy die fluisterstem of innerlike kompas as jou hart, jou “gut feeling” of dalk instink, jou intuïsie. Dit is ‘n diepe wete wat reg voel. Jy mag dalk nie bewus wees van die Kollektiewe bewussyn wat letterlik hierdie fluisterstem waarneem nie.

Ons wêreldse bewussyn sê : Jy is net nie :

Goed, Slim, Oud, Jonk, Ervare, Ryk, Maer, Mooi, Aantreklik, Sterk, Gewild genoeg nie.....

Ongelukkig moet ons **weerstand** bied teen hierdie wêreldse bewussyn van nie genoegsaamheid.

Luister en hoor God sê, “**Genoeg!**” Psalms 139:13 – 14 sê “Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed.”

Jy is een van 'n soort, ‘n meesterstuk in God se oë !

Jy is geskep na die beeld van God. Dit beteken dat baie van ons emosies en eienskappe iets van God se eienskappe weerspieël.

JY het ook die Gees van God binne jou. Die karaktereienskappe van die Heilige Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, goedheid, vrygewigheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Johannes 14:16-17 sê “en ek sal die Vader versoek, en hy sal julle ‘n ander Helper gee om vir ewig by julle te wees, die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, want dit sien dit nie en ken dit ook nie. Julle ken Dit, omdat dit by julle bly en in julle is.”

Met verdere verwysing na die Gees, Johannes 16:13 sê, “Wanneer Hy, die Gees van die waarheid, egter kom, sal Hy julle in die hele waarheid inlei, want Hy sal nie op eie ingewing spreek nie, maar wat Hy hoor, sal Hy spreek, en Hy sal die komende dinge aan julle bekend maak.”

Daarom, om ‘n lewe ‘n leef, gelei deur God, beteken om te luister na die fluisterstem binne jou.

Jy sal weet wat reg en verkeerd is. Jy sal weet watter talente en gawes God aan jou gegee het. Jy weet wat bring vir jou ware vreugde.

Onthou wanneer jy tyd maak om **stil** te wees – stap een – kan jy **luister** na die fluisterstem binne jou. Jy is ook in staat om na God se Gees binne jou te **luister**. Die Gees wat jou lei en beskerm.

Dus.... wat ons samelewing, ons vriende, ons familie, van ons vra, mag nie altyd wees wat God vir ons in gedagte het nie.

Dit beteken nie dis verkeerd om raad te vra of met ander te praat nie. Ons is mense wat floreer in gemeenskap met ander. Asb. omring jou met mense wat jy kan vertrou

en met geestelike mentors wat na jou luister en jou belange op die hart dra. Maar jy is die persoon wat goeie besluite moet maak.

Jou innerlike kompas en God se Gees sal jou die pad aanwys.

Sou graag van jou wil hoor, as jy 'n vraag het, kommentaar of 'n uitdaging.

“Be still, pray and obey.”

Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul 'n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

03/09 GEORGE RUTHVEN

07/09 GERT PRINSLOO

078 201 2645

011 837 2565

08/09 KIARA VAN DER MERWE

072 075 7617

09/09 CAREL CORNELISSEN

083 717 0003

Mag die Here jou oorvloedig seën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,

stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)

Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 065 396 8320

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Vrydae tussen 09:00 en 13:00. Maak 'n afspraak tel. 011 673 9705 of 072 651 8286 kantoor@bergbron.org.za

Diakens: kontak Francois Kruger 082 777 0632

Ouderlinge: Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Charl Truter 071 484 0132; Willie Volschenk 082 777 7734.

ISRAELTOER 9-20 DESEMBER: Jerusalem, die See van Galilea, die Dooie See, Masada, Nasaret, Betlehem, Jerigo, Golgota, die tuingraf en vele meer!

KONTAK DR MALAN VAN RHYN – 082 858 0538, mvanrhyn@telkomsa.net